ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

KOERANIA

April 2025 Volume 1 Uitgawe Nr 17

OOM
Orania Ontwikkelingsmaatskappy
Bou die stad.
Bou die toekoms!
Pieter Bisschoff:
Inligting en bemarking
+27 (0) 53 030 0000
pieter@ontwikkelorania.co.za

KITSNUUS ⊕ Lees meer binne

VSA-besoek 'n reuse skakelsukses
Bl 2

A-Z Pekanneutkonferensie word geprys
Bl 3

Julian besoek Orania
Bl 4

Gerhard Strauss is 'n Yster
Bl 4

Menings: Watter besigheid benodig
Bl 5

OB Ledenaweek
Bl 5

Lankstaankamper vertel
Bl 6

Ons Paradys Tuinuitdaging
Bl 7

KKNK lewer baie ietse op
Bl 10

VellieVoeteFees vir gestremdes
Bl 11

Bo-Karoo Vasbyt lekkerte
Bl 11

Sportgids en meer
Bl 12

SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

NOODNOMMERS

Ongevalle | Brand | Veiligheid
060 501 7877 of 053 207 0089

Water & Riool | Elektries

053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar. Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur infrastruktuur aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

'n Gemeenskap TREUR

- Marlett van der Westhuizen

Dia van Staden - Redakteur

Marlett en Danie van der Westhuizen is in 2012 getroud, voordat hulle in 2020 van mekaar vervreem geraak het. Daar is 'n dogter uit die huwelik gebore. Sy het onlangs, op 7 April 2025, 12 jaar oud geword.

Die tragedie van die moord en selfdood van haar ouers is egter deur dié jong meisie aanskou. Volgens 'n woordvoerder van die Eureka Nood-en Reddingsdienste het die nadoodse ondersoek getoon dat vyf skote op Marlett afgevuur is, waarna Danie homself met een skoot gedood het.

'n Vriendin, wat verkies om anoniem te bly, het met Koerania oor haar en Marlett se vriendskap en die bespiegelinge rondom die gebeure gesels.

Daar is op Vrydag 28 Maart vir die dogter 'n verjaardagpartytjie by die gemeenskapswembad gehou. Danie was nie teenwoordig nie. Marlett het video's en foto's geneem van die feesvieringe, want herinneringe was vir haar kosbaar. Die dogter se ongeveer 20 maats het in die swembad baljaar en daar is aan allerlei lekkernye gesmul. “Niemand sou op daardie dag kon raai dat so 'n tragedie dae later sou geskied nie!” sê 'n hartseer vriendin.

“Ons was besties! Ons het in 2019 vriende geword, maar die afgelope 2 jaar het ons gereeld saam gekuier. Laatnag het die Tiktok-boodskappe heen en weer gevlieg en ons kon lekker lag oor ander mense se gekkigheid, maar spesiale vriendskapsboodskappe deel. Saam kon ons konserte, skool- en sportbyeenkomste bywoon en ons kinders daarheen neem. Ons het 'n unieke vriendskap gehad en niks sal dit kan vervang nie, maar ek sal nuwe bande moet bou. Dis nie lekker sonder haar nie, maar ek het groot waardering vir vriende wat tans uitreik.”

Lede van die gemeenskap is dit eens dat Marlett altyd vriendelik was, en sy het nie haar emosies op haar mou gedra nie. Sy het baie omgegee vir ander en het haarself maklik tweede gestel. Sy was baie liefdevol en 'n uitstekende ma. Elke Oraniër sal Marlett onthou as die vriendelike en knap ontvangsdame by die Orania Dorpsraad.

Danie was sedert 2022 'n getroue en geliefde werknemer van Hoeksteen in Orania. “Danie was regtig vir ons baie spesiaal hier in die OOM-finansies kantoor, en ons mis hom vreeslik,” vertel die personeel. Hy was van 1 Januarie 2020 af by verskillende instellings binne die OOM-groep (Orania Ontwikkelingsmaatskappy) betrokke.

Die gesamentlike gedenkdiens is deur dr Nico Goosen van Hopetown waargeneem. 'n Verteenwoordiger van 'n motorfietsklub waarvan Danie deel was, Jakes Wiese, het 'n huldeblyk aan sy maat van 20 jaar gelewer.

Christa Bredenhann, werknemer van OOM, het die bedankings hanteer. Sy het verskeie individue in die gemeenskap bedank, maar veral verwys na die maatskaplike werker, Janca Pieterse wat dadelik maatskaplike ondersteuning aan die dogter en ander naasbestaandes verleen het.

'n Gemeenskap rou, maar dié gebeure het almal herinner om dieper te kyk, beter te luister en lief te hê!

- Danie van der Westhuizen

Die woonstel waar die tragedie plaasgevind het

KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden | Grafiese ontwerp: Orania Digitaal | Kontakbesonderhede redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180

KOFFIE EN KLETS
met die redakteur

Die kuns om te verstaan

Tydens die afgelope KKNK-fees, wat ek namens Koerania bygewoon het, was dit weer met elke gesprek duidelik dat Orania op almal se lippe is. Ek is met vrae gepeper, maar 98% van die kommentaar was positief. Daardie kommentaar het van wit en bruin mense gekom wat 'n belang het, Orania voorheen besoek het, wat daarna uitsien om Orania te besoek, of wat wyd lees en meestal ingelig is.

Wat wel duidelik was is dat die "verstaan" van die Orania-idee soms 'n kuns is. Mense bejeën jou soms met agterdog as jy praat oor kultuur en taal. Hier is ons nou by 'n Afrikaanse Kunstefees, maar die mense wat dit bywoon, en groot ondersteuners van die taal is, is onseker of taal en kultuur genoeg gewig dra om selfbeskikking te laat geld.

Die Afrikaner is nog gemaklik met hul bediendes, beskikbaarheid van winkels en vars produkte, slaggate en robotte wat nie werk nie. En dit is sekerlik hulle goeie reg! Die burgemeester van Oudtshoorn, Johan Allers, word redelik wyd gekomplimenteer met die verandering wat hy reeds in die dorp gebring het. Hy vertel dat dit nie 'n werkie is waar jy na populariteit kan streef nie, want kritiek is maar deel van die mensdom. Johan het egter groot waardering vir mense wat ook hand in eie boesem steek om na oplossings te soek en daarvoor saamwerk.

Die Wes-Kaap is groen en daar word oral aan paaie en geboue gewerk. Vanaf Plettenbergbaai, Hoekwil, Sedgefield, George, Grootbrak, Danabaai en Oudtshoorn is daar vele plekke waar gewerskaf word.

Soos wat ons gery het, het ek besef dat ons in Orania aan 'n dringendheid gewoond raak om herstel te bring. Ons wil optel. Ons wil regmaak. Kry ons dit altyd reg? Natuurlik nie, want dit is 'n kuns!

Om die kuns te bemeester waar jy verstaan wat die wêreld 'n beter plek maak, is 'n enorme stap in die regte rigting. Dit word beslis in die klein dingetjies ook gevind. Daardie opregte glimlag, die wuif van 'n hand, die klink van 'n glasie, die hardop lag van genot... Alles tekens dat ons begeer om te verstaan.

Dit word koud en die winter wil inkom. Hou hom nog so bietjie op 'n afstand met 'n warm koppie koffie wat jy met 'n geliefde of 'n nuwe vriend en vriendin deel. Die lewe is hard! Deel jou sagte kant.

Doen jou deel! Bemagtig ander met die kuns van verstaan!

Dia van Staden

ORANIABRIEWE

Stuur vir ons jou brief van maksimum 350 woorde na redakteur@koerania.co.za en ons oorweeg dit vir plasing. Die standpunte of menings wat in die skrywes genoem word, is nie noodwendig die menings van Koerania se redakteur, adverteerders of rolspelers nie.

ONDER DRAAI DIE DUIWEL ROND

Ons het, as gesin, toe ek klein was dié sepie gekyk. Ek kan nie juis baie van die storie onthou nie, wat my wel by bly, is die mooi dorpie vol mense- en hul dinge.

In ons ou dorpie streef ons na beter, ons streef na skoner, veiliger, en ek dink bo alles streef ons na iets wat werk. Wie sou dink in ons mooie, stil en veilige dorpie sou iets afgrysliks gebeur?

Ons dorpie staan as al die bogenoemde goed bekend. Mooi, skoon, beter, veiliger, ens. maar ek dink baie mense vergeet- almal wat hier bly is steeds net mens.

Mense met almal hulle eie uitdagings en laste om te dra. Sommiges sukkel om die pot aan die kook te hou. Sommiges sukkel om by die vinnige gewoel-en-war van die van die lewe by die te hou. Ek sê altyd, ons het almal…

Veral mans in die samelewing, veral ouer mans, word geleer, of voel dis "swak" om te huil en oor jou emosies te praat. Daar word so maklik gesê: "Bou 'n brug en kom daaroor".

Soms is dit nie so maklik nie, soms word dit 'n donker gat binne mens wat net al groter word en later jou hele menswees verorber. Elke dag word daardie monster groter, en is dit moeiliker om teen hom te baklei, wat nog te sê van oorwin. Hierdie mense dra nie 'n groot plakker op hulle verkoop wat hierdie geveg binne hulle verkondig en identifiseer nie. Dit laat my dink aan om waterskade op 'n muur toe te verf, dieselfde word so baie gedoen met die monster. Hulle gee hom net bietjie kos, om hom stil te maak sodat hulle deur die dag kan kom. Sodat hulle as "normaal" gesien kan word en tog…

Ons is so vinnig om met ons kinders te raas as hulle verkeerde goed doen, wie raas met grootmense? Is dit óók 'n monster wat ons eerder nie in die oë wil staar nie?

As grootmense het ons tog 'n rigtingwyser van reg en verkeerd. Daar is wel 'n paar goed wat, in my opinie, ons reg en verkeerd rigting wyser so bietjie deurmekaar maak: liefde, geld, groepsdruk, ens. Die grootste hiervan: Die Liefde.

Dis net belangrik om so nou en dan te probeer van buite af kyk en self jou keuses oordeel. Nie net wat reg en goed is vir jou nie, maar vir almal om jou. My gebed van hier af is dat ons almal met oop oë sal kyk wat om ons aangaan, mense bystaan wie dit nodig het sonder om te oordeel en ook braaf genoeg te wees om uit te wys as iemand besig is met 'n gevaarlike en/of verkeerde speletjie. In alles moet ons een ding onthou: al is die wêreld mooi, die mens kan dit in 'n oomblik baie lelik maak.

Wietzke – 'n Oraniër.

Waardevolle skakeling met die VSA

Foto: Verskaf

Dr Carel Boshoff, die onder-voorsitter van die Orania Verteenwoordigende Raad (OVR) het Woensdagaand aan 'n gepakte ouditorium terugvoer gegee in verband met die afvaardiging se onlangse VSA-besoek. Riaan Jacobs en Joost Strydom kon nie teenwoordig wees nie, aangesien hulle reeds saam met 'n Orania afvaardiging in Europa vir skakelbesoeke is.

"Ons was bekommerd dat die besoek 'n teiken op die rug van Orania sou plaas, maar in groot oorleg is dit oorweeg en met hoogstaande ontleders bespreek en gegewe die omstandighede, moes ons die kwessie versigtig benader." Tot dusver voel die span dat die strategie goed gewerk het.

Hy vertel dat die groep, wat dr Ernst Roets ingesluit het, uiters vriendelik in New York deur die New York Young Republicans en ander invloedryke persone en instansies ontvang is. Daar word met trots vertel dat die getekende Orania vlag 'n ereplek in die saal van die NYYR sal kry.

"Ons sou geleenthede gemis het en afsprake was effektief. Ons is bly dat ons min gekommunikeer het terwyl ons daar was. Diplomasie is nie 'n openbare saak nie. Die uitkoms mag dalk later openbaar gemaak word. Ons het nie slegs diplomasie beoefen nie, maar dit was tweede baan diplomasie," verduidelik dr Carel.

Daar was verskeie dinkskrums waar strategieë genoem is. "Ons dink ons het daarin geslaag om 'n tweede besoek te bewerkstellig. Waar ons amptelik met mense gepraat het is die Afrikaner se belange bespreek. Die VSA wil graag die Afrikaners in hul land hê. Ons kannie opgee op ons mense nie en ons wil hul nie laat gaan nie. Dit is nie Orania se doel nie. Die Afrikaners word goed verstaan en goed ondersteun in die VSA."

Dr Boshoff verduidelik dat verandering 'n prys het. Die feit dat Afrika se grense op kunsmatige wyse getrek is en herstel verdien het hy beklemtoon. "Die hele Afrika kan daarby baat."

Hy dui met oortuiging aan dat dié nie leunstoel politiek is nie, want ons wil nie ons ideaal of Vryheid prysgee nie. "Dit is 'n gewigtige saak."

Lida Strydom, Burgemeester, voeg by: "Dit het veerkragtige diplomasie gekos om 'n goeie boodskap oor te dra."

A-Z Pekanneutkonferensie suksesvol

Dia van Staden - Redakteur

Die tweede A-Z Pekanneutkonferensie is suksesvol afgehandel. Die Dendron plaas was op 8 en 9 April 'n miernes van bedrywigheid. Uitstallers, besoekers, borge en kosstalletjiehouers is met 'n nat terrein en groen pekanboorde verwelkom.

Die direksie van die A-Z Pekanneutkonferensie, dr Ben de Klerk, Francois Slabber en Johan Coetzee is beindruk met die hoë kwaliteit van sprekers, praktiese demonstrasies in die boorde en meelewing van uitstallers en borge.

Francois sê: "Die grootste verskil is teweeg gebring deur die stasies wat in die boord opgestel was. Die boordstasies is as opsies oorweeg om uitstallers meer kontaktyd met konferensiegangers te gun, om meer praktiese gesprekke en demonstrasies in te sluit en om die sit en luistertyd te verminder."

Johan en Ben is optimisties daaroor dat teorie en praktyk mekaar tydens die A-Z Pekankonferensie ontmoet.

Wonderlike uitstallers en borge het die geleentheid geneem om hulle produkte en implemente ten toon te stel. Johan en Francois is dit eens dat uitstallers spesifiek bemark aan die pekangedeelte van hul mark en die geleentheid aanwend om oor hul suksesse in die mark te pronk, om hul produkte te demonstreer en vir bestuur om op grondvlak kontak met die verbruiker te maak. Borge is, vertel hulle, uiters noodsaaklik om kostes vir so 'n konferensie te dra.

Die direksie spreek hulle waardering uit vir die sprekers wat met kundigheid seker gemaak het dat hulle inhoud relevant is en dat die gehoor daarby baat kon vind.

Jan de Klerk, bewoner van die Dendron plaas, waar die konferensie vir die tweede jaar aangebied is, vertel: "Orania is sentraal geleë vir Kaapse boere en hulle wat van die noorde kom. Orania bied opregte gasvryheid en hier is genoeg akkommodasie beskikbaar. Ons toerisme baat daarby en boonop geniet elke besoeker ons veilige omgewing." Renier Botha, bestuurder van die plaas, het elke belangstellende persoon in sy boorde verwelkom.

Kallie Schoeman, bekende boer van die Groblersdal omgewing en uitvoerende direkteur van die Schoeman-groep, het 'n boodskap na afloop van die konferensie aan die projek-koördineerder, Dia van Staden, gestuur om die span geluk te wens met 'n puik aanbieding. Schoeman is nou die voorsitter van Schoeman Group Holdings en is steeds die hoofbestuurder van Zoetwater, die groep se plaas in die Noord-Kaap.

Konferensiegangers se kommentaar was oorweldigend positief en daar word gegons oor die feit dat dit moeilik sal wees om die kwaliteit van die konferensie volgende jaar te oortref. Die Orania kosstalletjies het hard gewerk om almal se magies vol te hou, maar hulle lof word ook besing. Tina se pap en kaiings en skyfies, Lourence se burgers en worsrolle en die Kantien se kerrie en rys was van die smulgeregte. Jan Snyder se toffies, biltong en droë wors het almal deurentyd laat kou.

Die tweedejaar landboustudente van die Bo-Karoo Opleidingsentrum het oral 'n hand bygesit met dra, optel, verwyder en skuif, en 'n paar van hulle het vir sappige braaivleis gesorg tydens die gesamentlike kuier die Dinsdagaand.

Hester Botha en haar moeder, Anette, het vir 'n smullekker braaivleis-aandete gesorg. Die harde bui reën het bygedra tot 'n unieke atmosfeer en daar is in die nattigheid van die Karoo geëet en gedrink en kennis uitgeruil terwyl daar gesosialiseer word.

Besoek die webwerf by https://azpekan.co.za waar die aanbiedings van 2024 gelaai is en foto's en aanbiedings van 2025 binnekort beskikbaar sal wees. Tot volgende jaar!

agriplas GIANT AIR GP LAWNMOWERS GARDENING TOOL STORE HOOILAND Agri KARABOS natural farming Koppert OVK Phytech PELLENC SOUTH-AFRICA Rovic SkadeGenade supronet VICTUS
AGROFORS ESPS TECHNOLOGY (PTY) LTD GWK pecans NutriBio ORCHARD AGRI realIPM Vermeer

Julian geniet die vriendelike mense van Orania

BESOEKERS MENING

Dia van Staden - Redakteur

Julian van Tonder woon in die Gizan Provinsie, wat aan Yemen grens. Daar is gebiede waar geen internetseine, vir sekuriteitsredes, beskikbaar is nie. Hy vertel da thy help bou aan die Gizan Power Economic City. Die woestyn se duine word met trokke uitgery om fondasies te lê en sodoende die dorp, Baish, te ontwikkel.

Hy is 'n Proseskontroleerder vir die maatskappy, JICPC, en verduidelik dat afvalprodukte van olieverwerking gebruik word om in suiwer gas om te skakel.

Hy geniet dit om sy 21 vakansiedae 'n jaar en 2 vliegkaartjies aan te wend om by sy pa, Raymond, en stiefma, Wilna, in Orania te kom kuier.

Julian vertel dat Afrikaans vir hom koning is en sy moedertaal maak hom 'n trotse Afrikaner.

Orania is vir hom 'n hartlike plek waar hy samesyn met nuwe vriende en familie kan geniet. “Mense kyk hier na mekaar en bou saam.”

Dit is vir hom opvallend dat besigheidseienaars hier trots op hul werk is en goeie diens lewer. “Ek en my 2 dogters het verskeie plekke besoek en vriendelike diens is oral sigbaar. Niemand is skaam om jou na hul eie kompetisie te verwys nie.”

Hy vertel dat die werksetiek in Saudi Arabië op 'n ander vlak is. “SA was 150 jaar terug so,” skerts hy. “Ons werk werklik lekker. Wanneer ons werk, werk ons. Wanneer ons lag, lag ons. Ons is 'n span met uiteenlopende nasionaliteite wat almal saam hard werk.” Dié man vertel hoe jy binne minute kan ontwater in die 50 grade, met 'n humiditeit van ongeveer 80 grade in hul werksplek.

Sedert sy laaste besoek in Desember was daar reeds baie residensiële ontwikkeling merkbaar en wanneer hy weer besoek aflê sal dit vir hom gaaf wees as die Oewerpad geteer is, want dit is, volgens hom, 'n seer oog en negatiewe ervaring vir 'n toeris.

Sy wens vir Orania is dat hier genoeg mense sal bly en hierheen sal trek wat die plek aan die gang sal hou. “Staan op vir die volk, vir kultuur en taal. Solank daar genoeg mense is om dit te bevorder, sal dit bly staan,” sluit hy positief af.

Lewenswyse en ideologie – twee aspekte van kultuur en hoekom Orania nog betreklik klein is

-Wynand Boshoff

Orania bied aan Afrikaners 'n eenvoudige plaasvervanger vir die kwotas, BEE-teikens en transformasievereistes wat Suid-Afrika vandag kenmerk: Identifiseer 'n deel van die land, trek soontoe in groot getalle en bevolk die ekonomie met eie besighede en eie arbeid.

As jy dit doen, wen jy enige verkiesing in daardie gebied. Selfs 'n referendum oor onafhanklikheid. Die regering kan kommunisties wees (onwaarskynlik), sosiaal-demokraties (ook), of sentraal-regs (heel waarskynlik) – maar dit sal 'n Afrikanerregering wees.

Hoekom gryp Afrikaners dit nie oorweldigend aan nie? Tegniese hindernisse en tekort aan kapitaal is beslis nie die probleem nie. Binne Afrikaner-geledere is daar genoeg hulpbronne om die twee hekkies te oorkom.

Minstens deel van die antwoord is om tussen die lewenswyse – en ideologiese aspekte van kultuur te onderskei. Lewenswyse verwys hier na die manier van doen, waaroor mense selde nadink of verklarings maak. Ideologiese aspekte is die teenoorgestelde: Weldeurdag en baie uitgesproke.

Die denkbeeld van volksvryheid, van hoe jy goed sal doen as 'n vreemde heerser jou nie oorheers nie, is ideologies. Dit spruit vanuit die behoefte om kultuur te beskerm, maar dit beïnvloed ook die lewenswyse. 'n Weermag is 'n produk van ideologiese denke; en militarisme wysig die lewenswyse.

'n Wesenlike kenmerk van Afrikaners se lewenswyse, is dat mense van buite die volksgroep handearbeid verrig. Dit het begin met die invoer van slawe (uit Afrika en Asië en derhalwe opsigtelik anders) en voortgegaan met die inheemse bevolking van Suid-Afrika – bruin en swart.

Hierdie kulturele aspek is wel nie eie aan die Afrikaner nie, want dit was kenmerkend in alle Europese kolonies. Tog: Elders het koloniste óf slegs tydelik in die kolonie gebly, óf met die plaaslike bevolking saamgegroei, óf die plaaslike bevolking uitgewis.

Afrikaners het nie een van die drie gedoen nie. 'n Permanente samelewing het gevorm waarin Afrikaners (en ander blankes) grond koop, ruil of verower; en dan die inwoners daarvan in diens neem – nie altyd volgens 'n markmeganisme van gewillige werkgewer gewillige werknemer nie.

Hierdie is 'n feodale verhouding, wit heersers en 'n swart of bruin diensklas, is die norm vir wit mense so lank hulle in Suid-Afrika woon, ongeag waar of wanneer. Sienings oor kerk, staat, samelewing en kuns kon teenoorgesteld wees, maar die huislike werklikheid vertoon dieselfde basiese patroon.

Na 1994 moes Afrikaners kies tussen berusting by die onvryheid wat meerderheidsregering vir 'n klein minderheid behels; emigrasie – eintlik vervreemding van die eie identiteit; of vestiging in 'n samelewing wat eie arbeid, of ten minste werkers vanuit jou eie volk, sou vereis.

In dieselfde tyd wat Orania tot 3 000 inwoners gegroei het, het honderdduisende Afrikaners óf na die Kaap, óf na die Tuinroete, óf na die buiteland verhuis. Ideologiese aspekte van kultuur sal mense tot groot uitsprake en selfs militêre diens oorhaal, maar nie tot 'n nuwe lewenswyse nie.

Die boodskap van Orania is eenvoudig en uitvoerbaar, maar volledig in stryd met die tradisionele lewenswyse van Afrikaners; van die kultuur soos dit geleef word. Dalk is dit die belangrikste rede vir Orania se beperkte groei: Die keuse is op die oog af nie so ingrypend as wat dit in werklikheid is nie.

Gerhard wys sy staal

Dia van Staden - Redakteur

Gerhard Strauss van BBP Projekte in Orania het 4de geeindig in die #JouYster-kompetisie van Solidariteit.

Gerhard Strauss, die eienaar van BBP Projekte is onlangs as 'n finalis aangewys vir die Solidariteit se #JouYster-kompetisie. Hy vertel dat hy die geleentheid wou aangryp om die beroep se moontlikhede uit te dra en dit onder die Afrikaner as 'n gesogte beroep bekend te stel.

Die #JouYster-wenner vir 2025 is op 15 Maart tydens Ambagdag aangewys. Hierdie toekenning, wat 'n jaarlikse instelling van die Solidariteit Ambagnetwerk is, vier uitstaande ambagslui wat hul stempel in die bedryf afdruk en hul kennis met die volgende geslag deel.

“Jou steenwerk is iets waardeur jy kan stap en met trots jou handewerk kan bejeen. Jy kan dié geboue eendag vir jou kinders wys en vertel hoe dit steen vir steen ontwikkel het,” beaam Gerhard.

Hy noem dat hy dit sy roeping ag om meer messelaars in die ambag op te lei, sodat die kwaliteit van die ambag op 'n hoë standaard sal bly. “'n Steengebou behou sy waarde en kan jare staan wat jy oor jare as 'n monument kan ag. Die sinkgeboue sal dalk nie oor honderd jaar steeds staan nie, en daarom is die gemiddelde steenkonstrukies, wat binne ongeveer 7 tot 8 maande gebou kan word, gewoonlik die eerste keuse.”

Gerhard het vir sy pa, Wimpie, begin werk, tot waar hy tans leiding neem van BBP Projekte. “Dit is met stene wat jy 'n stad bou!” Hy vertel dat dit nie in die winter lekker is om met stene te werk nie, en lewer ongeveer 13% minder op hul produktiwiteit. Die somer se hitte lei weer toe uitputting, maar die temperatuur probeer hul bestuur.

BBP Projekte het tans in Orania 42 personeellede, en daar word ook met buitespanne gewerk. Hy soek manne wat gefokus is op detail en momentum kan behou om homself te bestuur en inisiatief kan neem vir 'n volgende taak. “Dit is 'n perfekte kandidaat en daardie een is opleibaar.”

“Ek het nooit gedink dat ek as 'n Yster genomineer sal word nie, maar ek is dankbaar dat iemand mooi werk raaksien, want dit is vir my belangrik om goeie en mooi werk te lewer.”

Op 18 Maart het Solidariteit se Netwerksentum Gerhard geluk gewens en studente met mentors in die dorp genooi om skouers te skuur en kennis te deel. Sanri Stone, Netwerk koördineerder van die Solidariteit Netwerksentrum, vertel dat hulle trots is op Gerhard, wat 'n Oraniër in murg en been is.

Die top 5 in die Jou Yster kompetisie is as volg:

Cobus Gates(1) - Passer en draaier

Clinton Van Der Mescht(2) - lugvaart struktuur tegnikus

Vickus Pieters(3) - Dieselwerktuigkundige

Gerhard Strauss(4) - Messelaar

Petrus du Toit(5) – Ketelmaker

Watter EEN tipe besigheid dink jy het Orania nou nodig?

MENINGS OPNAME

Melissa de Klerk

'n Mooi koffiewinkel met 'n lekker buite speelarea vir kinders — iets soos 'n klein Boschendal in die Noord-Kaap. Dit sal 'n heerlike kuierplek wees vir families om saam te ontspan. 'n Plek waar kinders kan speel en die mammas en pappas 'n heerlike koffie kan geniet!

Zack de Villiers

Nywerhede. Die vestiging van vervaardiging van uitvoerprodukte wat werkskepping tot gevolg sal hê.

Annelize Kruger

Ons benodig 'n voltydse tandarts! Die tandarts wat Orania eenkeer 'n maand besoek is nie voldoende nie.



Yoralde Grotius

'n Restaurant met 'n goeie atmosfeer en lekker kos. Daar is min plekke waar Oraniërs in die stadium lekker kan gaan eet. Restaurante moet in 'n paar disse spesialiseer en 'n tema daar rondom bou in plaas daarvan om net almal hamburgers en skyfies te probeer verkoop.



Lourence van Niekerk

Gesonde vermaak. Die ontwikkel van 'n Gholfbaan met die nodige fasiliteite ter bevordering van vermaak, ontspanning en kultuur.

Dia van Staden

Oraniërs sal 'n koffiekroeg waar veerpyle, vingerbord, scrabble, tafeltennis, ensovoorts gespeel kan word terwyl daar verskeie gesprekke aangevoer word wat die intellek uitdaag en soms lawwe temas insluit. 'n Groot saal waar daar soms gedans kan word of speletjies gespeel kan word wat gesonde vermaak en waardevolle kommunikasie en sosialisering aanmoedig.

Riané Breedt

Die uitbreiding van die mediese fasiliteite, nooddienste en verpleging in Orania is dringend nodig.

Raymond van Tonder

Geen besigheid kan werk in Orania nie - die verhuurders maak meer geld as die besighede. As jy jou eie perseel wil oprig vat die dorp 'n magdom ontwikkelingsgeld en jy begin met 'n skuldlas, sonder aanvangskapitaal.

Cecile Olwagen

Ietsie wat dringend nodig is, is gesonde vermaak vir jong en ouer persone, waar hulle kan dans, pool speel, games speel soos in 'n arkade SONDER drank en mense wat onder die invloed is. Dalk 'n koffiekroeg met ligte etes? Dalk sushi?

Jan de Klerk

Vervaardiging! Ons moet suksesvolle vervaardiger-sakemanne gaan soek en bepaal wat het hul nodig om hul besigheid in Orania te vestig. Ons kort bestaande besighede wat net 'n tak hier open. Dit kan enige bedryf wees, vanaf meganies tot tekstiel (hier is baie vrouens wat daardie werk kan doen).

OB se ledenaweek was gelaai met inligting

Phil Craig

Van 28 tot 30 Maart het die Orania Beweging hul jaarlikse ledenaweek aangebied. Verskillende venues is vir dié informatiewe gesprekke en sosiale genot gekies.

Die sprekers tydens die naweek het Phil Craig van die Kaapse Onafhanklikheidsforum en Chris Chameleon, bekende sanger en woordkunstenaar, ingesluit. Joost Strydom, uitvoerende hoof van OB het die nuutste inligting en roeringe rondom die Orania-idee met lede gedeel.

Die Afrikanertuiste, Orania, word meer gereeld deur invloedryke opinievormers besing vir die werk wat hier verrig word. Dié naweek bied 'n geleentheid vir ou en nuwe lede om mekaar te ontmoet, oor gemeenskaplike belange te redeneer en dan met ingeligte opinies huiswaarts te keer om die boodskap verder uit te dra.

Die Orania Beweging se span is klein, maar dinamies!

Vryheid in ons tyd!

Chris Chameleon

Foto's: Cherise Barnard

Die dames van die Orania Beweging se kantoor se bereidwilligheid om die gemeenskap te dien en die dorp se belange vanuit die inligtingskantoor na buite te bemark, word waardeer. Vlnr: Rene Jooste, Lené van der Walt, Coraine Oosthuizen, Chantell Botha en Maureen Struwig.

GRONDLYN

Die waarde van ons taal: Taal maak oop

- Deur dr. Wikus Buys, Begrond Instituut

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies



Taal is openbaring. Taal maak oop, taal wys iets aan en wys iets uit. Taal is meer as blote kommunikasie. Die meeste taalteorieë gebruik op een of ander manier die volgende definisie: taal is kommunikasie tussen mense. Natuurlik is dit so, maar as Christene leer die Bybel ons baie meer.

Taal as openbaring

Taal is ten diepste openbaring. Openbaring is bekendmaking. Die heel eerste bladsye van die Bybel trek ons aandag hieroor. In Genesis 1:3 staan dat God deur taal skep: "En God het gesê: 'Laat daar lig wees'. In Johannes 1:1 staan die bekende uitspraak: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God en die Woord was God." God maak Homself bekend deur taal, deur sy skeppingstaal en deur die taal van sy Woord, sy Seun Jesus Christus. God se openbaringstaal, sy Woord, het 'n mens geword van vlees en bloed. Ons kan dus sê dat God deur die natuur en Skriftuur Homself bekendstel. God se taal is openbaring van Homself.

Diere se name

Die Bybel leer ons ook dat die mens na die beeld en gelykenis van God gemaak is. Die mens het ook daarom die vermoë om te kan praat. Die mens se taal is ook openbaring. Deur die mens se taal wys ons wat snap ons van God se taal. Die eerste mens, Adam, ontvang sy naam van God self. Dit is duidelik dat God en die mens met mekaar praat in die tuin van Eden. Die Here sê nie alles vir die eerste mens nie. Daar is dinge wat God wil hê die mens, Adam, moet in sy eie woorde omsit. Ons lees dat die Here die diere na Adam toe gebring het "... om te sien hoe hy (Adam) hulle sou noem. En net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees." (Gen. 2:19).

Vrou se profetiese naam

Toe Adam al die diere hulle name gegee het, kom hy iets agter. Daar is nie een wat by homself pas nie. Tog weet hy dat God self gesê het dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie (Gen. 2:18). God laat toe 'n diepe slaap op Adam val, en bou uit sy rib 'n vrou en neem haar na Adam toe. God gee nie self vir hierdie vrou haar naam nie. Toe Adam haar sien, word hy baie bly want hy sien in haar God se voorsienende liefde raak. Adam gee toe vir haar haar eie naam. "Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem." Met hierdie naamgewing profeteer Adam oor en vir sy vrou voor God. Hy verklaar aan haar en oor haar wat haar unieke en wonderlike posisie voor God is. Sy beantwoord aan God se Woord toe Hy gesê het: "Ek sal vir hom (Adam) 'n hulp maak wat by hom pas." (Gen. 2:18). God se goedheid kom na vore in God se taal. Hy maak vir Adam 'n pasmaat. Adam se taal antwoord op God se Woord. "Sy sal Mannin genoem word." Hierin profeteer Adam oor sy vrou se wonderlike roeping, sy moet met haar lewe en optrede die liefdevolle goedheid van die Here na vore laat kom. Sy moet openbaar maak dat God goed is. Adam se naamgewing openbaar dat Hy God se taal snap en God se bedoeling insien.

Vul en vermeerder

Beide die man en die vrou is na die beeld en gelykenis van God geskep. Elkeen afsonderlik kan nie die volle heerlikheid en goedheid van God bekendstel nie. Die man het die vrou nodig om volledig man te wees en die vrou het die man nodig om volledig vrou te wees voor God. Dit is God se openbaringstaal. Die menslike taal moet aantoon dat ons die Woord van God ken en aanvaar. Die Here seën hierdie eerste paartjie en sê dat hulle vrugbaar moet wees, moet vermeerder en die hele aarde moet vul. Die Here maak bekend dat sy heerlikheid oor die hele aarde moet versprei deur die mense. So staan dit in Psalm 72:19: "En laar die hele aarde met sy heerlikheid vervul wees."

Taal volk en grond

Die Here laat die mense versprei oor die aarde deur 'n indeling te doen volgens taal. "...uit hulle het verdeel geraak die kuslande van die nasies, hulle lande, elkeen na sy taal, volgens hulle geslagte, in hulle nasies." (Gen. 10:5, Deut. 32:8 en Hand 17:26). Na die sondeval beweeg al die volke weg vanaf God en verval in afgodery. Die Here se heerlikheid word daardeur verberg en nie meer deur die mens bekend gemaak nie. Met die koms van Jesus Christus, die Woord van God, word nie net enkelinge nie, maar ook volke weer teruggeroep na God – sodat hulle die Here kan soek en sy heerlikheid kan openbaar. Dit gebeur veral deurdat die Vader en die Seun die Heilige Gees uitstort. Daardeur raak God direk weer die tale aan en aktiveer Hy die volke sodat sy heerlikheid ten volle oor die aarde kan versprei. Om hierdie rede staan daar in Hand 2:11: "ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek."

Op Orania praat ons ons eie taal. Ons taal moet openbaar dat ons God se taal, sy openbaringsbedoeling, insien en verstaan. Die bedoeling van ons taal is ten diepste om die groot dade van God bekend te maak. Taal is openbaring. Ons het 'n nuwe taalbeweging nodig om God se openbaring oor taal, volk en grond, weer opnuut bekend te stel. 'n Volk het grond nodig. God skenk aan sy kinders ruimte om Hom te aanbid. Ons op Orania behoort die voortou te neem en dit met ons eie taal bekend te maak: God bind taal, volk en grond aan mekaar. Ons volk kort grond, want God se heerlikheid vereis dit. Sonder eie grond bly die heerlike Naam van God oor 'n groot deel van ons mense ingeperk. Vryheid gaan oor aanbidding, op die aarde en in die hemel. Tale sal selfs in die hemel nog gehoor word. Dit moet die taal van ons bevryding in Christus wees. Ons is ook bevry van volkssondes wat ons taal en God se heerlikheid van mekaar skei. Dit moet ons bekendmaak op Orania – dat God self ons vrygemaak het – en dit sluit gronderuimte in.

Waarom kies mense langtermyn-kampering in Suid-Afrika?

-Nico Prinsloo

Foto: Dibiki Hartenbos

Daar is verskeie redes waarom mense 'n keuse maak vir langtermyn-kampering in Suid-Afrika.

Vir baie is dit 'n geleentheid om die spanning van die stadslewe te ontsnap en 'n eenvoudiger, meer doelbewuste manier van leef te omarm.

Ander word aangetrek deur die kans om nuwe plekke te verken en 'n diep verbintenis met die natuur te ontwikkel.

Die gevoel van gemeenskap wat dikwels onder langtermyn-kampers ontstaan, is nog 'n beduidende aantrekkingskrag.

Baie afgetrede kampers doen langtermyn-kampering om hul pensioen te rek omdat hulle vrees dat hulle dit sal oorleef. Dit is 'n geldige bekommernis in Suid-Afrika waar baie ekonomies aktiewe mense weens politieke ontwikkelings vroegtydig gepensioneer is.

Met faktore soos hierdie finansiële oorwegings, asook mense wat langer aktief bly danksy hul leefstyl of doeltreffende medikasie, beteken dit dat afgetredenes vir 'n langer lewe moet beplan as waarvoor hul pensioenfonds ontwerp is.

Daar is baie afgetredenes wat finansiële verliese gely het as gevolg van korrupsie en wat met baie minder as waarop hulle geregtig is, moet klaarkom. Veral sommige spoorwegwerkers het in hierdie opsig gely.

Permanente en langtermyn-kampering bied albei die geleentheid om nuwe vriende te maak.

Foto geneem by Dibiki Hartenbos

Voordele van Langtermyn-Kampering

Verbinding met die Natuur: Langdurige tyd buitenshuis stel kampers in staat om Suid-Afrika se diverse landskappe, van kusstreke tot bergagtige gebiede, ten volle te waardeer.

Gesondheidsvoordele: Om vir 'n lang tydperk in die natuur deur te bring, kan stres verminder, gemoed verbeter en algemene welstand bevorder.

Selfstandigheid: Langtermyn-kampering moedig vindingrykheid en onafhanklikheid aan, aangesien kampers op verskeie situasies voorbereid moet wees.

Gemeenskap: Langtermyn-kampers vorm dikwels hegte gemeenskappe, deel ervarings en ondersteun mekaar.

Bekostigbaarheid: Langtermyn-kampering is meestal meer bekostigbaar as om in jou eie huis te bly, en solank dit duur, sal langtermyn-kampeerplekke besigheid hê.

Besoek allseasoncampers.co.za vir meer kampinligting.

Aan watter kant van dié verhaal staan jy

Dis 16 Desember 2026. Die drie huisies by die hek staan verslete. Die vensters is flenters en in die gate waar deure was, loop skanierroes soos bloedtrane teen die barre kosyne af. Van die elektroniese bord is net 'n geraamte oor. Die oopswaai-houtjukhekke is nou hemelhoë traliejukke: die helfte reeds vir skrootmetaal verkoop; die staaltandoorblyfsels net-net deur dik kettings en slotte staande gehou.

Ek kruip deur die lendelam verskoning vir versperrings. Die verval tref my soos 'n Stillknocks-vuishou. Geen sebra in sig of wildebees wat net vry kan wees.

Die Troostuin, waar honderde hul geliefdes vir oulaas kon groet, lyk soos enige begraafplaas vandag. Verdring, versonke, verlate. Aan die oorkant, waar gesneuwelde soldate se name in graniet verewig was, vlae gehys en lowergroen kranse gelê is, lê distels en dorings soos 'n draak se derms deur klipbroksels gevleg. Ook die Kapel, met sy loodglasvenstergetuies van paartjies se ewige trou, het roetswart verkrummel tot ewige rou.

Net die letter F bo die Erfenissentrum se mosterdgeel-en-baksteengebou het behoue gebly. Skatkamers vol stambome, skilderye en onberekenbare skatte; borsbeelde en hartsverhale. Uitgehol. Volumes der volumes van 'n volk se geheue uitgevee. Eeue se getuienis uitgewis.

Die Markplein met sy skaakbord en skopfietsies, sambrele en melkskommels, geroesemoes van tale en gelate geselsies, busse vol nuuskieriges en winkels vol smulgoed en geskenkies lê gestroop-vergroeid.

Moerdijk draai in sy graf om, dink ek met die aanskoue van die majestueuse puinhoop, pynhoop, wat eens óns Monument was. Van die granietkolos se bykans 60 000 blokke wat met bloed en sweet en swaarverdiende sente gebou is, is bitter min nog in plek.

Netjies gestapelde steenrye vol simboliek nie deur dawerende nagtelike bomwerpers soos in die Tweede Wêreldoorlog oopgekloof nie, maar met assegaaiskerp voorwerpe chirurgies tot verlatenheid geskend. Stukkie vir stukkie. Die son val nie meer op 16 Desember sekuur op die senotaaf se steen nie. Want ook dít is verbrysel.

Dis grafstil. Oorverdowend stil. En pikdonker.

Gee ons krag!

Die vreesaanjaende vooruitsig dat 'n volk se ideale en kulturele identiteit in 'n oogwink kán vergaan, is nié fiksie nie. Die Voortrekkermonument voer tans 'n kritieke oorlewingstryd weens swak dienslewering, hemelhoë munisipale rekenings en nie 'n sent staatshulp nie.

Soos ons voorgeslagte met hul eie sente monumentale infrastruktuur van wêreldgehalte opgerig het, het ons jou nóú nodig om die Monument se voortbestaan te verseker; om staats- en toekomsbestand te word. 'n Enorme brandpunt is die nagenoeg R7 miljoen wat benodig word om 'n sonkragstelsel te installeer.

Dra vandag nog by (jou kleingeld maak groot geld!) tot die Voortrekkermonument se Gee ons krag!-projek deur op hierdie skakel te klik.

Dit is óns verantwoordelikheid én voorreg om te keer dat net foto's en vae herinnerings van die Monument oorbly.

Ons Paradys Tuinuitdaging

Is jy 'n beginner wanneer daar oor tuinmaak gesels word, of dink jy meer met jou beursie sodat daar prakties gewerk kan word om jou eie lushof te skep?
Koerania is 'n gemeenskapskoerant wat daarna uitsien om die gemeenskap se kreatiewe verskeidenheid te sien wanneer dit by tuinmaak kom.

1. Die Ons Paradys Tuinuitdaging skop nou af en registrasies sal tussen nou en 17 Oktober 2025 verwelkom word. Indien daar 'n buurman of buurvrou se tuin is wat jou aandag trek, is jy welkom om daardie tuin en die samesteller daarvan te nomineer. Deelnemers van alle ouderdomme word verwelkom.
Die geregistreerde tuine sal vanaf Vrydag 31 Oktober besoek en beoordeel word. Die wenners in onderskeie afdelings sal aan die einde van November 2025 tydens 'n skemerkelkiegeleentheid aangekondig word.

Vir watter afdeling of afdelings registreer jy?
1. Beginnerstuin
2. Gevestigde tuine (blom en/of groente en/of vrugte)
3. Groenteboks
4. Grasperk
5. Sakpas tuinmaak (idee in die kleine)

Stuur voltooide registrasievorms na advertensies@koerania.co.za voor die sluitingsdatum op Vrydag 17 Oktober 2025. Prysgeld per afdeling:

- Beginnerstuin R4 000-00
- Gevestigde tuine (blom en/of groente en/of vrugte) R3 000-00
- Groenteboks R4 000-00
- Grasperk R1 500-00
- Sakpas tuinmaak (idee in die kleine) R2 000-00

Reëls en regulasies:
1. Alle afdelings is oop vir slegs alle Orania inwoners. Vul die registrasievorm in en stuur dit aan die organiseerders, soos aangedui.
2. Indien jy onseker is oor die afdeling waarvoor jy moet inskryf kan jy Karin Buys by 084 704 2842 kontak vir advies.
3. Jy is welkom om iemand anders se tuinwerk per afdeling te nomineer.
4. Daar sal uiteindelik drie beoordelaars wees om die uitdaging se wenners aan te wys.
5. Die name van wenners sal in die Koerania van Desember 2025 aangekondig word.
6. Alle registrasies moet voor 17 Oktober 2025 ingehandig word. Geen laat registrasies sal vir die uitdaging in ag geneem word nie.
7. Maak asseblief seker dat 'n kontaknommer en adres op die registrasievorm aangebring word.
8. Geen plastiek of nagemaakte blomme of plante sal vir enige van die afdelings in ag geneem word nie.
9. Die beoordelaars se besluit sal finaal wees en geen verdere korrespondensie sal na afloop van die uitdaging toegelaat word nie.
10. Beoordelaars behou die reg voor om persone te diskwalifiseer indien hul enige van die reëls en regulasies sou verontagsaam.
11. Geen foto's van u tuin word benodig vir die gratis registrasie nie. Foto's sal wel gedurende die beoordelingsproses geneem word.
12. U registrasie bevestig dat u instem dat die beoordelaars en media met u kennisname u tuin kan besoek en foto's kan neem.
13. U persoonlike data wat op die vorm verskyn word met niemand anders gedeel nie.
14. U registrasie bevestig dat u instem dat Koerania foto's van die tuin en van u as deelnemer mag neem en publiseer.
15. Die beoordelaars mag nie aan die uitdaging deelneem nie.

Met trots aangebied deur KOERANiA

Skandeer die kode vir u registrasie

ONS PARADYS TUINUITDAGING



ORANIA DAGBOEK

April
11 - Jannie Moolman optrede
15 - Binnelandse Sake besoek Orania
15 - Oker - Man van Cirene
18 - Goeie Vrydag
20 - Lofprysingsdiens: Maranata Gemeente
21 - Paas Maandag
24 - Orania Tegnologievereniging: Fotobioreaktor praatjie
25 - Aandmark by die Kuierstoep

Mei
9 - Forum vir gestremdes: VellieVoeteFees
16 - Koerania Uitgawe 17: koerania.co.za
29 - Hemelvaart
30 - Aandmark by die Kuierstoep
31 - Bittereinderdag

Junie
7 - Hervormde Kerk hou bazaar: Orania Beweging tuin
13 - Koerania Uitgawe 18: koerania.co.za
28 - Aandmark by die Kuierstoep

KULTUURVAKANSIEDAE

27 Februarie
- Slag van Majuba – aangebied deur BKO

6 April
- Stigtingsdag – aangebied deur die Orania Beweging

8 Mei
- Herdenking van Afrikaans 100 – aangebied deur die FAK

31 Mei
- Bittereinderdag aangebied deur die Orania Dorpsraad

14 Augustus
- Taaldag – aangebied deur OKeR (Tema: BOU)

10 Oktober
- Heldedag – aangebied deur die Orania Ontwikkelingsmaatskappy en ander

11 November
- Witkruisdag – aangebied deur die Orania Bewaringstigting (nie-amptelike vakansiedag)

16 Desember
- Geloftedag – aangebied deur die Geloftefeeskomitee

Lees Dit!
Deel Dit!
koerania.co.za

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys
Prokureurs, notarisse en aktevervaardigers
- Advies met verkoop van eiendom
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Notariële waarmerkings
- Algemene regsadvies
- Eiendomsreg
- Testamente

KONTAK ONS VANDAG NOG!
Tel: 012 941 9239 • E-pos: admin@hurterspies.co.za

BO-KAROO OPLEIDING is 'n privaat opleidingsinstansie wat beroepskwalifikasies in skaarsvaardighede aanbied, gebou op 'n Christelike fondasie en gewortel in die vryheid en uniekheid van ons Afrikaner kultuur.

2026 inskrywings is oop!

Boerderybestuur | Bou & Siviele Konstruksie | Siviele Ingenieurswese | Elektries
Loodgieter | Tuisversorging | Tuissorgassistent | Vroeë Kinderontwikkeling

Kom besoek ons kampus sonder mure!

OPEDAG 2025 | 2 MEI | ORANIA

Besoek www.bko.co.za vir meer inligting, inskrywingsvorm en opedag besprekingsvorm.



Maranata Gemeente Orania

Nooi u hartlik uit na ons
LOFPRYSINGS-EN-AANBIDDINGSDIENSTE

SONDAG, 20 APRIL 2025

Oggenddiens 10h00

Aanddiens 18h00

RSVP deur 'n e-pos te stuur aan sanri@solidariteit.co.za

KKNK: Klankryk, Kleurvol, Nimlik, Klassiek

Dia van Staden - Redakteur

Oudtshoorn het behoorlik uit sy nate gebars met die 29ste KKNK wat vanaf 31 Maart tot 6 April met groot fanfare aangebied is.

"Ons is dankbaar dat bywoning uitstekend was – in die Feesmark én teaters, asook by areas en aktiwiteite wat gratis in Baron van Reedestraat aangebied is. Wanneer daar na die afgelope jare se statistieke gekyk word, staan vanjaar uit en vergelyk met die beste van die pre-Covid-19-feeste in die onlangse dekade," sê Hugo Theart, uitvoerende hoof en artistieke direkteur van die KKNK.

Koerania het die fees bygewoon en woorde soos: briljant, asemrowend, fantasties en gekunsteld, is gereeld in gesprekke gehoor. Inwoners van die dorp en besoekers was dit eens dat vanjaar weer 'n nuwe standaard gestel het, wat elkeen na 2026 laat uitsien. Die tema "al die ietse, vir elke iemand" was beslis in teaters, op buiteverhoë, in sale, ouditoriums, tente en op die feesterrein uitgebeeld.

Daar was koskeuse wat jou mond laat water het vir meer. Oral in die strate en op die feesterrein, wat 'n eenheid gevorm het, was daar aktiwiteite wat die kreatiwiteit uitgedaag het en mense kon inspireer om BETER te wees en te doen!

Die verskeidenheid lyk soms oorweldigend, maar wanneer jy na mense se menings luister is dit duidelik dat smaak verskil, en daarom die diverse keuses wat op die program ingesluit word. Koerania het die drama Stinkhout, die uitstekende ballet SALT en Marion Monroe met Marion Holm geniet. Op die musikale front het die 29-stuk-simfonieorkes tydens die Openingskonsert, onder leiding van Richard Cock en Charl du Plessis op die klavier die gehoor in vervoering gehad.

Ons land se briljante musikante het hulle fyn aanvoeling en onblusbare talent getoon waar sommiges van een verhoog na 'n volgende moes wikkel om ook daar hulle deel te doen. Peter Auret, Werner Spies, Christiaan Rabie, Marcel Dednam, Coenraad Rahl, Deryn Dednam en meester Mauritz Lotz, om net 'n paar te noem, was uitmuntend en laat jou met soveel trots.

Ander vertonings wat ons bygewoon het was Die ses snare se reunie – fantasties, Jak de Priester en Antoinette Pienaar – goed, Bach en Beatles – briljant, Blues by die kruispad – skitterend, 88 met Coenie en Rocco de Villiers – VERRUKLIK!

Daar was ballet, kuns, musiek, instrumentale optredes, sangers, mimiek kunstenaars, kletsrymers, orkeste, DJ's, en vele meer wat vir die vermaak gesorg het. Die boekgesprekke het vir afwisseling gesorg en as 'n tema jou nie aangestaan het nie, was daar diskoers gesprekke wat 'n keurlys van sprekers en opinievormers ingesluit het.

Orania se naam was meer as eenkeer op verhoë tydens diskoersgesprekke genoem. In die gange en sale het Koerania graag menings van die publiek gevra om vas te stel of mense werklik die Orania-idee verstaan. Ons was aangenaam verras deur die positiewe terugvoer van persone wat ons dorp reeds besoek het, en 'n horde het aangedui dat 'n besoek op hulle te-doen-lysie vir die nabye toekoms is. "Ons staan beslis nie alleen nie!"

Die KKNK is die moederfees van Afrikaanse feeste en die vieringe vir nommer 30 word van 28 Maart tot 4 April 2026 beplan.

Frank Opperman het as seremoniemeester tydens die Openingskonsert opgetree. Sy rol as Gert, in die drama Stinkhout, het weer bewys waarom hy 'n gunsteling van die verhoog is.



Die feesverhoog het vir 'n mengelmoes van musiek en klank gesorg. Dit het Demi Lee Moore, Snotkop, Ricus Nel, Elandré, Roan Ash, Dr Victor en YoungstaCPT ingesluit.

- Demi Lee Moore

- Roan Ash

- Ricus nel en Snotkop

Die Ses Snare se reünie was 'n belewenis. Mel Botes, Leon Ecroignard, Mathys Roets, Thean Kotze, Wouter van de Venter en Blackie Swart is beter, en meer nostalgies as ooit.

- Danie Marais

Skrywers wat hul boekplek op enige rak verdien is Danie Marais, Etienne van Heerden en Ingrid Winterbach.



Instrumentaliste

Rocco en Coenie de Villiers se kwinkslae, klassieke vermoë om musiek deur 88 klawers te laat lewe kry en fyn afronding saam met Mauritz Lotz het elke feesganger laat opstaan en hande klap vir meer.

Gereed vir die VellieVoeteFees?

Die visie is om ‘n volhoubare sentrum en tuiste vir persone wat met verstandelike en ander verwante gestremdheid leef, in Orania op te rig. Dit is die woorde van Renska Deetlefs, die sameroeper van die tweede VellieVoeteFees wat op Vrydag 9 Mei deur die Forum vir Gestremdes aangebied word.

Renska, wat self die pad as ouer met gestremde kinders stap, weet hoe belangrik dit is dat meer geleenthede geskep word waar gestremdes kan sosialiseer en interaksie met mekaar kan hê. “Ons moet mekaar leer ken en omarm sodat ons elkeen se unieke behoeftes en uitdagings kan verstaan en saam aan oplossings werk,” vertel Renska, voorsitter van die forum.

Daar is in 2024 ‘n suksesvolle inligtingsessie in verband met outisme aangebied en daar word beplan om dit op te volg met ‘n opleidingskursus waar ‘n fasiliteerder as versorger van outistiese persone opgelei word.

“Persone wat met ‘n gestremdheid leef en hulle families het ‘n gemeenskap nodig wat gestremdheid verstaan en saam daaroor kan praat.”

“2024 se VellieVoeteFees was so ‘n besonderse geleentheid dat die komitee oorweldig gevoel het as gevolg van die getalle, maar ook die gees en atmosfeer wat deurentyd geheers het,” deel Renska.

Skud jou vere reg en neem deel aan die 2025 feestelikheid! Elkeen se bydra en deelname is druppeltjies van seën wat ons nader bring aan die Sentrum-droom vir persone wat leef met intellektueel- en verwante gestremdhede - ‘n kwesbare deel van ons gemeenskap.

Koop jou plakker en deel in die pret sodat bewustheid oor gestremdheid met korrekte inligting gedeel kan word. Vir enige navrae, verdere inligting of om ‘n bydrae te maak kan Renska by 083 557 2236 of vvf@gestremdes-orania.co.za gekontak word.

Foto’s: Dia van Staden
'n Kleruvolle terugblik op 2024 se VellieVoeteFees!

Geplant om te rol...

Hans Richardt, dr Wicus Buys, Daniël Swanepoel en Francois van Schalkwyk het gegrou voordat hulle die naambord geplaas en geplant het. Orania se rolbalbaan is nog onder konstruksie en die afgelope weke se reën het die projek effe uitgestel. Die naambord van die klub is opgerig en die nuut-ontwerpte t-hemde het gearriveer. Daar heers opgewondenheid oor die vordering wat gemaak word. Oraniërs sien daarna uit om hul eie drag ten toon te stel wanneer daar in buurdorpe gespeel sal word.

Jaarlikse Vasbyt kry nuwe woema

Die Orania Helpmekaar Vasbyt word as 'n reuse sukses beskryf en Orania se eie atlete het baie goed gevaar met dié uitdaging.

Jo-Mari Conradie het 151km gery en weggestap met die wen vir dames, terwyl Nadia Kuit 75km te voet afgelê het om die 3de plek vir dames in te palm.

Nadia vertel:” Ek dink ons het nuwe betekenis aan die woord VASBYT gevind. Dit was 'n uitdaging maar 'n onvergeetlike ervaring. Ek kan baie geluk sê aan Orania Helpmekaar met 'n uitstekende Vasbyt!”

Foto: Verskaf

Dapper stappers vat die Rebelspoor… ’n Groep jongmense het op Donderdag 10 April hul stapstewels aangetrek om die Noord-Kaap se geskiedenis saam met die FAK te voet aan te pak.

Die Rebelspoorvasbyt neem stappers op die spore van Jan Kemp, Manie Maritz en Albert Stadler gedurende die Rebellie van 1914/1915.

Lees hier meer:https://fak.org.za/dapper-stappers-durf-rebelspoorvasbyt.../

Volg hulle op sosiale media oor die volgende paar dae en pak solank jou tasse vir die volgende avontuur!

Besoek https://fak.org.za/kultuur-en-geskiedenistoere/ vir meer inligting oor die FAK se landswye erfenisavonture of word ’n vriend en gaan saam met hulle op ‘n erfenisreis!

SPORTGIDS

KOERANIA Sport

April 2025 Volume 1 Uitgawe Nr 17



Ballet
Uysie Kirsten Balletskool
Eldien Kirsten @ 076 712 7801
Uysie Kirsten @ 082 683 6317
Beginners vanaf enige ouderdom welkom

Boogskiet
Willem Jacobs @ 083 661 9707
Dinsdae om 16:00
Telegram: Koedoe Boogskiet Akademie
Gratis opedag maandeliks

Fietsry
Orania Fietsryers
Dewald Otto @ 084 557 4223 (Whatsapp
Groepritte Dinsdagmiddae / Saterdagoggende
'n Sosiale groep met verskillende vlakke van

Gimnastiek
Oranjerivier Gimnastiekklub
Michelle Jacobs
072 550 8462 / oranje.gimnastiek@gmail.com
Saamstaan Winkelsentrum
Maandae tot Donderdae: 14:00 tot 16:00.

Hokkie
Jané Ebersohn @ 072 241 9142

Orania Rolbalklub
Voorsitter: Francois van Schalkwyk
0730891604 / francoisvs57@outlook.com
Nuwe rolbalbaan tans onder konstruksie.

Karate
Henk Steyn @ 076 790 8843

Moderne dans
Janel Cornelius
@ 068 589 9227

Muurbal
Victor Correia @ 082 568 5587

Orania Atletiekklub
Christo Muller @ 083 628 0272

Orania Sportskiet
Johan van Loggerenberg @ 079 335 1621

Paaldans
Yoraldé Grotius @ 082 065 8593
Elke Dinsdag vanaf 17:00
R300-00 per maand

Perdry
Jessica Bornman @ 082 823 2541

Pluimbal
Koos le Grange @ 083 568 703

Sportklub: Rugby, Netbal en Hokkie
Hendri/Marike Labuschagne
072 453 5577 / 072 604 2564

Swem
Hester Botha @ 082 093 4352

Tenshinkan Karate Orania
Henk Steyn
076 790 8843
Volkskool Orania
16:30 tot 17:30